


*hoe om berge te versit.*



**Deur**

**J.S. LABUSCHAGNE B.A.**



## HOOFSTUK 1.

### VOLMAAKTE GELOOF.

#### DIE VRUG VAN GELOOF TOT BY DIE PIT OOPGEVLEK.

"Wees dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." Matt. 5:48.

Ek het vir 40 jaar geloof gepreek, boeke daarvoor gelees en na baie ander predikers geluister. Nogtans was daar altyd vir my iets vaags in die praktiese toepassing daarvan.

'n Goeie prediker kan mense hemelhoog inspireer om God te glo, maar as dit by doen kom dan val alles plat, bloot omdat mense nie weet HOE om te glo nie.

Ek wil graag glo, tewens ek smag daarna, maar WAT MOET EK DOEN. HOE glo 'n mens? Want glo is 'n werkwoord, iets wat jy moet DOEN.

Dit is dan die doel van hierdie kursus om Christene te help om intelligent te glo volgens die wil van God sodat baie berge versit kan word. U gaan 'n onoorwinlike geloof bou. Markus 9:23 "En Jesus se vir horn: Wat dit betref - as jy KAN GLO, alle dinge is moontlik vir die een wat glo."

#### WAT IS GELOOF?

Geloof is 'n naamwoord. Dit is iets. Dit is 'n bewys (Eng. evidence) wat nie met die vleeslike oog gesien kan word nie, maar wel met die geestelike oog. Die vleeslike liggaam het vyf sinuïe, nl. gevoel, gehoor, reuk, smaak en sien. Van hierdie vyf is gesig by verre die vernaamste sinuïg.

Die wedergebore gees van die mens het ook sy sinuïe, nl. 'n geestelike aanvoeling, 'n geestesoor (laat hom wat 'n oor het HOOR wat die Gees vir die gemeente se). Reuk (onderskeiding). Smaak

(smaak en sien dat die Here goed is).

Sien - die volmaakte geestes-sintuig. Ek het dus geloof die oomblik wanneer my geestesoog dit sien. Hoe? Wanneer die Heilige Gees dit aan my OPENBAAR (wys).

Nou het ek GESIEN, en omdat ek gesien het WEET ek. Dit is my BEWYS (evidence). Dit is volmaakte geloof.

VOORBEELD: Ek WEET ek is 'n kind van God.

Rom. 8:16 "Die gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Die Heilige Gees het dit aan my geopenbaar. Nou is ek 100 per sent seker, en 100 per sent is volmaak. Ek het dus volmaakte geloof. U het volmaakte geloof. U sê u glo daar is 'n God - hoeveel persent glo u? Natuurlik sê u: 100 per sent. Dit is volmaakte geloof.

## GELOOF EN GLO

Dink net aan die moontlikhede as u dieselfde volmaakte geloof kan he vir genesing, vir finansies, vir die redding van 'n siel.

Maar natuurlik het u volmaakte geloof vir al hierdie dinge. Die probleem lê egter by die verskil tussen GELOOF en GLO. U kan volmaakte geloof hê en nogtans nie glo nie. Dit is soos iemand wat miljoene rand besit maar dit nie gebruik nie. Hy kan sterwe van die honger tussen stapels banknote.

Om te GLO is om iets te DOEN met u geloof. Wat?

Rom. 10:10 "Want met die hart glo ons tot geregtigheid en MET DIE MOND bely ons tot redding."

Ons kry krediet by God omdat ons geloof in ons hart het, want God ken ons hart. Maar as ek resultate hier op aarde wil sien moet ek met die MOND sê en konsekwent sê wat ek met die hart glo.

Geloof is dus om te WEET - deur openbaring. Glo is om te sê wat jy weet - konsekwent.

## DIE KERN VAN DIE PROBLEEM

Dit bring ons by die kern van ons geloofsprobleem.

Hoewel alle Christene geloof het (volmaakte geloof) dat God KAN, word hulle meesal gelei deur hulle vleeslike sintuie. Hulle spreek volgens gevoel, volgens omstandighede. Hulle spreek twyfel, vrees en ongeloof.

Geloof sê wat God sê. Ongeloof sê wat die sintuie en die duiwel sê.

Joh. 8:32 "En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak." Laat ek dit parafreer: Julle sal die Woord ken ("*U* Woord is die waarheid" Joh. 17: 17) en die woord sal julle genees, julle probleme oplos en julle laat oorwin as julle die Woord **(waarheid) konsekwent bely in die aangesig van alle teëspreekende** getuienis van die sintuie.

## WANDELDEUR DIE GEES

Gal. 5: 16 "Wandel deur die Gees, dan sal julle nooit die begeerlikhede van die vlees volbring nie." Om deur die Gees te wandel is om deur die Gees gelei te word. Die Heilige Gees oorskadu my wedergebore gees. Tewens, dit is my gees wat gedoop is in die Heilige Gees.

Die Gees openbaar Christus aan my. Hy is die Woord. Joh. 1:1. En nou leef, dink en praat ek wat die Heilige Gees my leer. Joh.16:13 "Hy sal julle in die hele waarheid lei."

VOORBEELD: Ek is siek, vol pyn en ellende. Nou is ek geneig om te praat oor hoe ek voel en wat ek vrees. Mense bid vir my en in my hart WEET ek God kan, maar my sintuie oorheers my belydenis totaal.

Wat moet ek nou DOEN? Nadat daar vir my gebed is volgens die Skrif moet ek GLO - met my MOND praat ek nie meer siekte en nederlaag en vrees nie, maar die Woord van God.

Sê dit hardop: Deur Sy wonde is ek genees. Sê dit dikwels. Laat jou eie ore dit hoor.

Rom. 10:17 "Die geloof is dus uit die gehoor, en die gehoor is deur die Woord van God."

Sê dit dat die duiwel dit hoor. Sê wat God sê. Dit is die waarheid, en die waarheid maak vry.

### MOET EK 'N LEUEN VERTEL?

Nou sal iemand sê: Maar ek kan mos nie verklaar dat ek gesond is as ek so ellendig voel nie. Dit sal immers 'n leuen wees. Nee, om te sê wat God sê, dit is die waarheid. Kom ons los hierdie probleem gou op, want vir baie is dit 'n wesenlike probleem.

### WETTIGE EN PRAKTIESE ASPEKTE VAN GELOOF

U besit 'n motor. Dit is u wettige eiendom. Nou steel iemand dit. Is dit nou nog u motor? Natuurlik is dit nog u motor - wettiglik, maar nie prakties nie. U kan nie daarmee rondry nie. Nóg tans praat u konsekwent van u motor wat gesteel is.

Joh. 10: 10 "Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom dat hulle lewe en oorfloed kan hê."

Ons ontken nie die werklikheid van siekte of sonde nie, maar ons bely nie die probleem nie, maar die oplossing. Genesing is u wettige reg. En as u konsekwent verklaar: "Deur SY wonde is ek genees", dan vertel u nie 'n leuen nie. U sê maar net wat u wettige reg is. Dit is u motor. Dit is glo.

William Burton, 'n bekende sendeling wat 'n groot werk vir God in die Belgiese Kongo gedoen het word geopereer. Die dokters vind

dat sy ingewande deurtrek is van kanker. Hulle het die wond net so toegewerk. Wat nou gemaak? Glo, dis al. Glo met die mond. "Only believe, all things are possible, only believe." En dit het hy gedoen. Met sy mond het hy gedurig en konsekwent bely: Deur Sy wonde is ek genees. Na'n tyd, tot alma! se verbasing, het alle tekens van kanker verdwyn.

## U IS 'N WETTIGE ERFGENAAM

Rom.8:16-17 "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename van God en mede-erfgename van Christus,"

NOU LEI ONS HIERUIT AF:

1. Ek is 'n kind van God - weergebore. EK WEET dit omdat die Gees met my gees daarvan getuig.
2. As kind is ek ook erfgenaam van my Vader, God. Ek het dus wetspersoonlikheid. Ek het 'n wettige reg om te eis van die testament.
3. Die Testamentmaker het gesterwe. Daarom is die testament NOU van krag.
4. Ek het dus 'n wettige aanspraak op alles wat in die testament aan my bemaak is.

2 Pet. 1:34 "Immers, Sy goddelike krag het ons alles geskenk wat tot die lewe en die godsvrug dien (dus tydelik en geestelik) deur die kennis van Hom wat ons geroep het deur Sy heerlijkheid en deug, waardeur Hy ons die grootste en kosbare beloftes geskenk het, sodat julle daardeur deelgenote kan word van die goddelike natuur."

Hierdie grootste en kosbare beloftes is almal wettiglik myne. Dit is klaar geskenk. Ek moet dit net eis. So baie mense bid: Here MAAK my gesond. Dit is verkeerd. Wat Jesus moes doen is klaar gedoen. Hy het gely, Hy het betaal, Hy is geslaan, Hy het gebloei, Hy het gesterf, Hy het belowe, Hy het bemaak. Al wat ek nou moet doen is om te neem, te glo, met die mond. Deur Sy wonde IS EK GENEES. Dit is u wettige posisie. Die kruisiging is 'n wettige transaksie. "He paid the debt He did not owe, I owed a debt I could not pay."

## DIE REGTER EN DIE WEDUWEE

In Luk. 18:1-8 gee Jesus vir ons hierdie waarheid in die vorm van 'n gelykenis. Daar is drie persone in hierdie drama:

1. Die regter - 'n harde man wat God of mens nie vrees nie.
2. Die weduwee.
3. Die teeparty,

Dit is met goeie rede dat Jesus die wet hier bybring. Daardeur erken Jesus dat geloof 'n saak van wettigheid en geregtigheid is.

### KOM ONS ONTLEED DIE VERHAAL.

1. Die vrou het 'n saak gehad, 'n regverdige saak.
2. Sy gaan na die regter, die man wat uitsluitel moet gee in regsake.
3. Haar eis was nie teen die regter nie, maar teen haar teeparty - die persoon wat haar leed aangedoen het. Kom ons veronderstel iemand het haar geld gesteel.
4. Toe die vrou die eerste keer haar saak stel word sy summier weggejaag.
5. Sy kom terug en word elke keer ernstiger met haar eis. Geen gesoebat, geen sentimentele trane nie. Sy eis. Sy het die wet aan haar kant en sy WEET dit. Sy word inderdaad so ernstig dat sy die regter byna 'n klap gegee het.
6. Hierna gee die regter haar gelyk. Sy het gewen.

GEVOLGTREKKING: Jesus vra hier twee vrae:

1. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes nie. En Hy is nie soos die harde regter nie. God is lankmoedig.
2. Maar as die Seun van die mens kom (dit is nou in ons tyd) sal Hy die geloof (soos die van hierdie vrou) op die aarde vind? Die implikasie is NEE.

Hierdie soort geloof (en dit is die enigste) is maar baie skaars in ons dae.



## DIE VERDORDE VYEBOOM

Jesus het ook, soos die goeie onderwyser wat Hy was, vir ons 'n demonstrasie van geloof nagelaat. Ek verwys na die vyeboom wat Hy vervloek het. Markus 11:12-14, 20-24.

Op pad sien Jesus 'n vyeboom vol blare, maar geen vrugte. Jesus is nie kwaad vir die boom nie, "want dit was nie die tyd van vye nie" vers 13. Hy gebruik die boom slegs as 'n demonstrasiemodel.

Let nou op: Jesus PRAAT met die boom. Hy se vir die boom wat met hom gaan gebeur. "Laat niemand ooit in der ewigheid van jou 'n vrug eet nie" vers 14. Sy dissipels het dit gehoor, maar nie verstaan nie. Die volgende oggend het Jesus met opset weer daar langs geloop. Toe sien hulle die verdroogde vyeboom. Jesus is gereed vir Sy les oor geloof.

Vers 22 "Jesus antwoord en se vir hulle: Julle moet geloof in God hê." Hy het dus die vyeboom laat verdroog van sy wortels af bloot deur woorde te gebruik.

Nou gebruik die Meester nog 'n voorbeeld "Elkeen wat vir hierdie berg sê: Hef jou op en werp jou in die see - en nie in sy hart twyfel nie, maar glo dat wat hy sê sal gebeur - HY SAL VERKRY NET WAT HY sê, vers 23.

## WOORDE HET SKEPPINGSKRAG

Heb. 4:12 Want die Woord van God is LEWEND en KRAGTIG." Jesus openbaar die krag van God:

1. Deur hande-oplegging.
2. Deur mense wat Hom gelowig aanraak. (vrou met bloedvloeiing). Jesus sê: "Ek het gewaar dat daar krag uit my liggaam uitgaan."
3. Deur woorde: "Neem jou bed op en wandel." Jy sal kry NET WAT JY SÊ. Dit is 'n ewige wet. Ook die negatiewe dinge. 'n Vrou het altyd gesê: Julle sal sien hierdie kind van my gaan nog verongeluk met daardie fiets, en hy het ook uiteindelik verongeluk.

Vir Lazarus sê Jesus: LAZARUS KOM UIT! Net drie woorde, en 'n man wat vier dae dood is kry 'n nuwe hart, longe, bloed, niere, brein ens. Nou sê Jesus in Joh. 17:8 "Want die woorde wat U my gegee het, het Ek aan hulle gegee."

Joh.4:12 "Die werke wat Ek doen sal hy (wat in My glo) ook doen." Hoe? Op dieselfde manier as Jesus. Met woorde en in die Naam van Jesus. Jy sal kry net wat jy sê!

## GOD DOEN SY WERK MET WOORDE

Geloof is die gevolg wanneer die Woord ons dinkprosesse oorheers. In Matt. 8:23 sien ons hoedat die Woord op die lippe van Jesus die wette van die natuur oorwin. Vers 26. "Toe staan Hy op en bestraf die winde en die see, en daar het 'n groot stilte gekom. "

Dink aan die ontsaglike energie wat nodig was om hierdie resultaat te bereik. In Matt. 14:13-21 word vyf brode en twee vissies vermeerder. Die mense het daardie dag brood geëet waarvan die koring nooit geplant, geoes, gemaal of gebak was nie, en visse wat nooit eers water gesien het nie. En dit alles deur woorde, woorde, woorde tesame met geloof in die hart.

Hierdie energie (krag) kan mense deur die lug vervoer (Fillipus - Hand. 8:39); dit skielik laat reën waar daar vir drie en 'n halwe jaar nie 'n wolkie te sien was nie.

Dit kan ook u probleme oplos, harte van mense verander, siele onder oortuiging van sonde bring, finansies beskikbaar stel en oorwinning gee oor al die slinkse planne van Satan.

In Gen. 1 het God 7 maal GESÊ, -en uit niks ontstaan 'n heelal met sy maatlose uitgestrektheid en miljoene der miljoene sterre. Sewe kort sinnetjies uit die mond van ons Skepper, gebore uit die hart van 'n Geloofsgod wat dinge wat nie bestaan nie ROEP (woorde).

Ons hoef nie wêreld en planete te skep nie, maar daar wag duisende dinge om ons heen wat reggestel kan word deur ons geloof. Onthou, Jesus het gesê: "Vir die een wat glo, sal NIKS onmoontlik wees nie."

Geloof is onafskeidbaar verbonde aan 'n persoon. Hoe beter u 'n persoon KEN, hoe meer kan u hom vertrou. Hoe beter u dus die Here ken, hoe groter is u liefde vir Hom. Ons weet dat liefde alles gee - my hele hart, al my vertrou.

## ABRAHAM - DIE VADER VAN GELOWIGES

Wat was die geheim van Abraham se magtige geloof? Kom laat ons uitvind.

Rom. 4:18 "Hy het teen hoop op hoop geglo." Toe daarselfs nie meer natuurlike gronde vir hoop was nie het hy nogtans geglo. Vers 19 "En sonder om te verswak in die geloof het hy, al was hy omtrent 100 jaar oud, NIE GELET op sy eie liggaam wat alreeds verstorwe was, en op die verstorwe toestand van die moederskoot van Sara nie." As 'n mens daaraan dink dat Abraham 14 jaar moes wag vir die geboorte van Isak dan verstaan jy bogenoemde skrif beter.

Wat was sy geheim? In Gen. 15:6 **sê die Skrif**: "En hy het in die Here geglo, en dit is hom tot GERECHTIGHEID gereken." Onthou u nog wat die Skrif elders sê: "Met die hart glo ons tot GERECHTIGHEID en met die mond bely ons tot redding." Rom. 10:10. Abraham het dus:

1. Geloof gehad - hy het GEWEET.
2. Hy het geglo - hy het aan God die eer gegee, by voorbaat - Rom. 4:20.

## HOE HET ABRAHAM SY GELOOF BEKOM?

Dit is nie om bloot vir iemand te sê hy moet glo nie. Meeste mense verwar geloof met hoop. Hoop sien altyd op die toekoms, terwyl geloof 'n bewys is vir elke oomblik en onder alle omstandighede.

Ons vra dus nou: Wat was Abraham se bewys? Ek verwys u na Gen. 15:8. Nadat God aan Abraham en sy nageslag die land Kanaan belowe het vra hy: "Here, Here waaraan sal ek WEET dat ek dit in besit sal neem?"

Onthou wat ons vroeër gese het - geloof is om te WEET. Nou vra Abraham vir die Here - Hoe sal ek WEET?

Hier vind ons die kern van die geloofslawe. Let nou op, God verwyf hom nie omdat hy 'n BEWYS vra nie, nee Hy gee hom 'n teken.

Abraham word aangesê om sekere diere op die altaar te plaas; dan sou God dit Self aan die brand steek.

In die Ou Testament het God dikwels met vuur geantwoord. Ons dink aan Elia en die priesters van Baal op die berg Karmel, en aan die tempelwyding toe vuur uit die hemel op die altaar geval het terwyl Salomo gebid het.

Gen. 15: 17 "En na sonder , toe dit heeltemal donker was, gaan daar 'n rokende oond en vurige fakkels tussen die stukke vleis deur."

Abraham SIEN die vuur. Vir hom was dit 'n goddelike bevestiging, Nou WEET hy. Waaraan het hy geweet? Die vuur wat hy gesien het.

Abraham het daardie gesig nooit weer vergeet nie, en al moes hy 14 jaar lank wag vir die geboorte van die beloofde Isak kon hy nooit twyfel nie, en geen omstandigheid kon daardie herinnering uitwis nie. Dit is volmaakte geloof. Hy het geglo deur God vir 14 jaar te prys, terwyl sy geloof al sterker geword het. Selfs toe hy sy seun moes offer kon hy met groot geloofsekerheid sê: "God sal voorsien." So volmaak was sy geloof dat Heb. 11: 18 kan sê: "Want hy het gereken dat God mag het om selfs uit die dode op te wek."

Vir Abraham was die offer van sy seun nie die einde van die pad nie. Nadat hy hom geoffer het en Isak se liggaam verbrand was sou Abraham daar wag totdat God hom uit die as sou opwek. Abraham se volmaakte geloof was die gevolg van die feit dat God hom 'n teken gegee het wat hy kon SIEN. Daaraan sou hy WEET.

## VUUR UIT DIE HEMEL - 'N TIPE

Waaraan sou die wereld WEET dat Jesus opgestaan het uit die dode

en dat Hy aan die regterhand van God sit om al Sy beloftes waar te maak?

## GOD ANTWOORD WEER MET VUUR.

Op Pinksterdag daal die Heilige Gees op die 120 dissipels neer. Tonge van vuur gaan sit op elke hoof. Almal SIEN dit. Dit is God se seël, Jesus is in die hemel en Hy het Sy belofte gehou: "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom." Hand. 1:8.

Daardie tonge van vuur is nooit weer met die vleeslike oog gesien nie. Van nou af sal die vlam van die Heilige Gees in ons harte brand. Sien ons wandel nie deur aanskouing nie, maar deur geloof. Ons lewe in 'n ander dispensasie as Abraham. Ons hoef nie 'n teken met die vleeslike oog te sien nie; ons WEET die Heilige vlam brand in ons harte.

Die rede waarom daar op Pinksterdag tonge van vuur gesien is dui op die feit dat twee dispensasies mekaar hier ontmoet.

Van nou af dra ek die getuigenis van die Heilige Gees in my hart. Rom.8:16 "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is." Nou WEET ek. Ek het die vlam gesien, met my gees-tesoog. Ons noem dit OPENBARING.

Dit is dan ook die werk van die Heilige Gees in hierdie dispensasie. Waaraan sal ek WEET? "Hy sal julle doop met die Heilige Gees en met VUUR." Matt. 3:11.

## VRAE EN ANTWOORDE OOR GELOOF

1. Kan 'n mens vir geloof bid?

Nee. Die dissipels het wel vir Jesus gesê: "Here gee ons meer geloof." Luk. 17: 5. Jesus antwoord hulle egter: "As julle geloof GEHAD HET soos 'n mostertsaad ..." Vers 6. Jesus GEE nie vir hulle geloof nie, maar Hy veronderstel dat hulle teen hierdie tyd al geloof moes gehad het.

## 2. Is geloof dan nie 'n gawe nie?

Nee. Geloof is 'n vrug. Gal. 5:22. Die Griekse woord vir geloof is PISTES, wat in ons Arikaanse Bybel met GETROUHEID vertaal word. Die Engels gee dit egter as "FAITH" - geloof aan.

Daar is 'n gawe van geloof, maar dit gee die Heilige Gees aan wie Hy wil. 1 Kor. 12:9 en 11. Almal word egter verantwoordelik gehou vir die vrug van geloof. Vrug moet gekweek word - daar is werk aan verbonde. 'n Gawe ontvang ek egter onverdiend.

Ek kan nie werk of betaal vir my saligheid nie. Daarvoor het Jesus Self betaal. Ek moet slegs glo. Joh. 3:16. Maar nadat ek gelowig geword het moet ek begin vrug dra. Joh. 15:16 "Ek het julle aangestel om vrug te gaan dra." Daarom is daar ook loon vir vrug dra. Openb.22:12. "En kyk Ek kom gou, en my LOON is by My om elkeen te vergeld soos sy werk sal wees."

Ons word nie beloon vir gawes nie, maar wel vir vrugte. En wat is die beloning? Openb. 19:8 "En aan haar (die vrou van die Lam) is gegee om bekleed te wees met rein en blink fyn linne, want die fyn linne is die REGVERDIGE DADE (vrug) van die heiliges." Daar is dus loon ook vir 'n oorwinnende geloof.

## 3. Is daar 'n verskil tussen ongeloof en kleingeloof?

Ja. Ongeloof is verharding van die hart. Dit gebeur wanneer mense die waarheid weerstaan alhoewel dit aan hulle geopenbaar is. Hulle doen dit vir verskeie redes, soos eie eer, geldelike gewin of plesier. Jobannes 3: 19 "En dit is die oordeel.- dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liever gehad as die lig, want hulle werke was boos."

2 Tim. 3:4 " ... meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God." Adam en Eva se sonde was ongeloof. Hulle het GEWEET, maar het teen hulle beterwete gesondig. Tewens, ongeloof is die enigste sonde wat 'n mens in die hel laat beland. 2 Kor. 5:19 "Naamlik dat God in Christus die WÊRELD met Homself versoen het deur hulle hul

misdade nie toe te reken nie." Maar waarom gaan mense dan nog verlore as die hele wêreld met God versoen is?

Nee, dis net anders om. God het Homself met die wêreld versoen, en al die sondes van Adam af tot op die laaste persoon is deur Jesus aan die kruis betaal. God laat nie twee keer betaal vir een skuld nie.

Mense gaan egter verlore deur die een sonde waaroor Jesus nie gestorf het nie, en dit is ongeloof. Joh. 16:8 "En as Hy (die Heilige Gees) gekom het, sal Hy die wêreld oortuig van sonde ... omdat hulle in My nie glo nie."

Ongeloof is sonde teen die Heilige Gees. God hou die mens verantwoordelik vir geloof en ongeloof. Vir geloof is daar loon; vir ongeloof is daar straf.

KLEINGELOOF daarenteen is nie moedswillige verwerping van die waarheid nie. Hierdie persoon is nog nie geestelik volwasse nie en moet nog met melk gevoed word. So 'n persoon ly skade in hierdie lewe, maar hy sal nie daardeur sy siel verloor nie.

## HOE LYK IEMAND WAT IN GELOOF LEWE?

1. Filip. 4:4 "Verbly julle altyd in die Here; ek herhaal verbly julle." Hy is altyd blymoedig. Hy besit volmaakte blydschap. Joh.15:11 "Dit het Ek vir julle gese, dat My blydschap in julle kan bly, en julle blydschap volkome kan word."
2. 1 Joh. 4: 18 "Daar is geen vrees in die liefde nie, maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite" .... Hy wat vrees het nie volmaak geword in die liefde nie. Hy besit volmaakte liefde. Hy ken geen vrees nie.
3. Filip. 4: 13 "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee." Hy kan alles doen wat gedoen moet word.
4. 1 Joh. 2:20 "En julle het die salwing van die Heilige en weet alles (wat julle behoort te weet). Hy WEET hy het geloof. Hy sê wat

hy weet . Hy glo. Hy versit berge.

5. Filip.4:6 "Wees oor niks besorg nie ... die vrede van God wat alle verstand tebowe gaan sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." Hy is onbesorg. Hy het geen bekommernis nie, want hy glo die Woord: "Werp AL julle bekommernis op My, want Ek sorg vir julle." 1 Pet. 5:7. Hy besit 'n hemelse vrede.

Joh. 14:27 "Vrede laat Ek vir julle na, My vrede gee Ek aan julle." Besef u nou wat die moontlikhede is van 'n gesonde geloofslewe?

## WANNEER GELOOF NIE SAL WERK NIE

Daar is aspekte van die goddelike ekonomie waar daar ook ander dinge behalwe geloof op die spel is.

### 1. DIE WIL VAN GOD

Paulus het 'n doring in die vlees gehad, wat hom gegee is sodat hy hom nie sou verhef nie vanwee die menigvuldige openbarings. Paulus het naamlik ernstige oog-probleme gehad. Sien Gal. 4: 15 Paulus die man van groot geloof het die Here drie maal genader oor die saak, maar God het vir hom gese: "My genade is vir jou genoeg."

Joh. 15:7 As julle in My bly en My woorde in julle, sal julle vra net wat julle wil hê, en julle sal dit kry."

So 'n persoon wat so naby aan die Here leef en deur die Gees gelei word, sal ook die Wil van God ken. Sien 1 Joh.2:20.

2. Waarom word die siekes vir wie ons bid nie gesond nie? En waarom kom almal vir wie ons preek nie tot bekering nie?

## EERSTENS WAT SIEKES BETREF:

- (a) Die siele glo nie.
- (b) Iets verkeerd in sy lewe. Jak 5:16 "Bely mekaar julle misdade



en bid vir mekaar sodat julle gesond kan word."

(c) 1 Kor. 11:30 "Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes en 'n aantal het ontslaap. "

Hierdie mense word getugtig omdat hulle op onwaardige wyse aan die tafel van die Here gaan sit. Daar is sonde wat nie bely is nie. Sien ook Heb. 12:5-6.

In al hierdie gevalle is dit noodsaaklik dat ons deur die gawe van 'n woord van kennis sal weet waarmee ons te doen het, sodat ons die sieke kan help.

## DIE BEPROEFDHEID VAN DIE GELOOF

1 Pet. 1:6-7 "Daarin verheug julle jul, al word julle nou - AS DIT NODIG IS - 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, sodat die BEPROEFDHEID van julle geloof, wat baie kosbaarder is as goud ....."

As dit nodig is. God self sal in elke geval bepaal wanneer dit nodig is dat iemand beproef moet word.

Let op, dit is nie die BEPROEWING wat kosbaar is nie, maar die beproefdheid. Dit is nie lekker om eksamen te skryf nie, maar dit is aangenaam om te slaag.

Die Skrif sê dat Jesus "gehoorsaamheid geleer het uit wat Hy gely het." Heb.5:8.

Paulus het nie alles gekry waarvoor hy gevra het nie. Hy sit al hoe lank in die tronk in Rome. Paulus, glo jy dan nie God kan jou verlos nie? Kyk wat het die Here vir Petrus gedoen toe hy in die tronk was. God kan mos weer 'n engel stuur om jou te verlos. Waar is jou geloof dan nou, Paulus?

Maar hierdie godsman het nooit sy geloof verloën nie, want hy het volmaakte geloof gehad. Hy se: "Ek WEET in Wie ek geglo het" 2 Tim. 1:12.

En toe hy aan die einde van sy reis kom, kon hy met vrymoedigheid getuig: "Ek het die geloof behou."

Paulus het baie dinge hier op aarde verloor, sy familie, sy volk, sy huis, sy toekoms. Maar hy het sy geloof behou. Mag u en ek ook aan die einde van die baan kan sê: Ek het die geloof behou.

## 'N PAAR GELOOFSTENE

Bely dit konsekwent onder alle omstandighede, doen dit intelligent en met begrip. Maak dit persoonlik.

1. 1 Joh. 4:4 "Ek is uit God en het hulle oorwin, omdat Hy wat in my is groter is as hy wat in die wêreld is."
2. Filip. 4: 13 "Ek is tot alles in staat deur Christus wat my die krag gee."
3. 2 Kor. 9:8 "En God het mag om alle genade oorvloedig oor my te laat wees, sodat ek altyd in alle opsigte volop kan hê, en oorvloedig kan wees tot elke goeie werk."
4. Kol. 1:9 "Ek is vervul met die kennis van Sy wil in alle wysheid en geestelike insig."
5. Filip.4:19 "En my God sal elke behoefte van my vervul na Sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus, "
6. Jes. 53:4 "Nogtans het Hy my krankhede op Hom geneem en my smarte, **dié het Hy gedra**... en deur Sy wonde het daar vir my genesing gekom."
7. 2 Pet. 1:10 "Daarom beywer ek my des te meer om my roeping en verkiesing vas te maak, want as ek dit doen sal ek nooit struikel nie."

## HEERSKAPPY DEUR GELOOF

Gen. 1:28 "En God het hulle geseën, en God het vir hulle gesê: wees vrugbaar en vermeerder en vul die aarde, onderwerp dit en HEERS."

Die mens is geskape om te heers en nie om soos slawe te lewe nie. Deur die sondeval het hy egter sy koninklike status verloor en het onder die wil van die god van die wereld (Satan) gekom. Hoe ontsettend groot moet die som-totaal van menslike lyding en smart deur die eeue nie wees nie.

En toe word God in die vlees geopenbaar. (1 Tim. 3:16) Jesus die tweede Adam, die Here uit die hemel. Hy herstel die heerskappy van die gelowiges deur Satan te oorwin.

Heb. 2:15 "En almal kon bevry wat hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was."

1. Jesus heers oor die natuur.

- (a) Hy maak die storm stil. Mark. 4:35-41.
- (b) Die wonderlike visvangs. Luk. 5:1-6.
- (c) Vermeerdering van brode en visse. Matt. 15:29-38.
- (d) Verdroogte vyeboom. Matt. 21:18-22.

2. Jesus heers oor siekte en dood.

- (a) Vrou met bloedvloeïing. Mark. 5:25-34.
- (b) Dogtertjie van Jairus. Mark. 5:21-42.

3. Jesus heers oor Satan.

- (a) Maansieke kind. Mark. 9:17-27.  
"En Jesus se vir hom (vader van die kind) As jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die EEN WAT GLO."
- (b) Versoeking en oorwinning van Jesus. Matt. 4:1-11.

LET OP: Al hierdie oorwinnings het Jesus behaal deur Sy Woord. Vir die dooie dogtertjie sê Hy: "Talita koemi, wat as dit vertaal word beteken: Dogtertjie, Ek se vir jou STAAN OP."

Vir Satan se Jesus drie maal: "DAAR STAAN GESKRYWE....."

Net so heers ONS ook nou in die Naam van Jesus.

Mark. 16: 17-18 "En vir die wat GEGLO het, sal hierdie tekens volg..."

Joh.14:12 "Wie in My glo, die werke wat Ek doen sal hy ook doen."

Ons sal HEERS, met WOORDE wat ONS GLO met die hart en SÊ met die mond ..

Heb. 10:13 "En wag nou verder totdat Sy vyande gemaak is 'n voetbank van Sy voete."

Ons is die liggaam en Jesus is die Hoof. Met ander woorde, die vyande van God moet onder ons voete verbrysel word.

Rom. 16:20 "En die God van vrede sal die Satan spoedig onder julle voete verbrysel."

Joh.4:7 "Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle af wegvlug."

Hier op aarde is ons Sy voete, Sy hande, Sy mond. In Sy Naam heers ons deur Sy Woord. Sê wat daar geskrywe staan, sê dit gedurig. Laat u eie ore dit hoor; laat die vyand dit hoor. Praat met jou siekte, jou omstandighede. Sê wat God sê. Sy Woord is lewend en kragtig.

Sê is egter nie genoeg nie. U moet GELOOF in die hart hê. Vra die Here om vir u 'n openbaring te gee.

**ONTHOU: Geloof is om te WEET. Glo is om te SÊ wat jy weet.**  
Moenie op gevoel lewe nie. Lewe op die Woord.

Ek WEET dat my Verlosser leef. Sê dit, sing dit, bid dit.

## HOOFSTUK 2

### DIE VOLMAAKTE GEBED.

"Julle het nie omdat julle nie bid nie. Julle bid en julle ontvang nie omdat julle verkeerd bid." Jak. 4:2 en 3.

### VERKEERD BID.

Oor die noodsaaklikheid van gebed gaan ons nie in hierdie studie uitwei nie. Dit is vanselfsprekend as 'n mens daaraan dink dat Jesus die Seun van God dit nodig gevind het om soms nagte deur te bid.

Nou is daar mense wat ook baie bid, maar omdat hulle verkeerd bid bly die resultate baiekeer uit. Wat help dit dan in elk geval om te bid sonder resultate?

Gebed is 'n wetenskap, 'n goddelike wetenskap. Inderdaad, gebed is 'n hemelse kuns. Daar is dieptes in hierdie kuns wat ons moet leer ken en verstaan. Kyk maar hoe word die jeug opgelei vir hulle lewenstaak. Hulle studeer hard en volhard daarin vir jare om sodoende die hoogste sport te bereik. Moet ons as Christene dan nie ook 'n gespesialiseerde studie van hierdie baie belangrike vak maak nie? Ja, gebed bevat oneindig meer belofte as enige aardse studie rigting.

### REG BID.

"Alles wat julle die Vader sal vra in my Naam, SAL HY JULLE GEE!" Joh, 16:24. Ons gebede moet dus tot die Vader gerig word in die Naam van Jesus. Onthou dat Jesus die DEUR is deur wie ons mag ingaan tot die Vader. Jesus het Self gese: Joh. 14:6 "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader BEHALWE DEUR MY NIE."

Ons bid dus nie direk tot die Vader of dan ook direk tot die Seun nie. In Joh. 15:16 stel Jesus dit as volg: "Ek het julle uitverkies en julle aangestel om vrug te gaan dra en dat julle vrug kan bly, sodat wat julle die Vader ookal in my Naam vra, Hy julle dit kan gee."

Die VADER is my BRON en JESUS is my MIDDELAAR.

Nog 'n manier van verkeerd bid is 'n ydele herhaling van woorde. "En wanneer julle bid, gebruik nie 'n ydele herhaling van woorde soos die heidene nie, want hulle dink dat hulle deur hul baie woorde verhoor sal word."

Ons moet leer om intelligent te bid. "Ek sal ook MET DIE VERST AND BID" 1 Kor. 14: 15. God sien die opregtheid van die hart. Uiterlike vertoon imponeer Hom geensins. Moenie probeer om die publiek met jou mooi gebed en hoë woorde te beïndruk nie. Suiwer taal is mooi en reg, maar gebed is 'n hartsaak by uitnemendheid. "God is Gees, en die wat Hom aanbid, moet in Gees en waarheid aanbid." Joh. 4:24. Wanneer ons dus bid moet ons besef dat ons in die heiligdom in gemeenskap van 'n heilige God verkeer.

#### PAULUS OOR GEBED.

"Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in ALLES deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God." Filip. 4: 6. Kom ons pas nou toe wat ons sover geleer het. Ons bid byvoorbeeld vir die redding van 'n siel. Dan gaan ons as volg te werk:

1. Vader, ek kom na U toe in die Naam van Jesus.
2. My begeerte is dat U Jan se siel sal red. Onthou u is nou in die troonkamer van die goddelike paleis. Aartsengele vou hulle vlerke, want u is 'n Bloedgewaste Heilige van God. U is bekleed met Christus soos Jakob van ouds in die naam van sy broer Esau die seën van Isak ontvang het. U voel nie minderwaardig in die Here se teenwoordigheid nie want u weet dat u geregtig is deur die Bloed van Jesus. Dit beteken dat u sonde nie net vergewe is nie, maar ook vergeet. So maak u dus u begeerte met groot vrymoedigheid aan die Vader bekend.
3. Dan volg daar 'n smeekgebed, selfs met sterke geroep en trane soos Jesus. "Hy wat in die dae van Sy vlees gebede en smekinge met STERK GEROEP EN TRANE aan Hom geoffer het wat Hom uit die dood kon red, en ook verhoor is uit die angs." Heb. 5:7. Dit was egter nie trane van selfbejammering of 'n demonstrasie van

uiterste moedeloosheid nie. Nee, dit was die geroep van iemand in uiterste benoudheid en sielswroeging. Wat sê die Skrif? "En roep My aan in die dag van benoudheid: Ek sal jou uithelp en jy moet My eer."

Psalms 50:15.

4. Danksegging. Al het u nog nie ontvang nie, dank die Here byvoorbeeld. As ons 'n mens in 'n brief byvoorbeeld kan dank, hoeveel te meer behoort ONS nie die Here te prys en te dank vir wat ONS nog nie sien nie. Dit is hier waar geloof so 'n belangrike rol in ONS gebede speel.

Hieroor het ons breedvoerig geskryf in die lesing oor GELOOF. My saak is nou by my Prokureur, by my Advokaat Jesus Christus. "Werp al julle bekommernisse op Hom, want Hy sorg vir julle." 1 Pet. 5:7.

5. "En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal julle harte en julle sinne bewaar in Christus Jesus." Filip. 4:7. Moenie u gebede kanselleer deur oor en oor te V R A nie. Dank God vir wat u nog nie sien of voel nie. (Sien my lesing oor geloof.)

## MAG EN GESAG.

"En Hy het Sy twaalf dissipels saamgeroep en aan hulle MAG en GESAG gegee oor al die duiwels en om siektes te genees." Luk. 9:1. In die Naam van Jesus het ONS volmaakte GESAG (outoriteit). As bidder beklee ek 'n posisie van GESAG. Die NAAM van Jesus gee my daardie gesag. 'n Polisieman tree op met die gesag van die Staat wanneer hy iemand arresteer. Hy ken sy regte en hy oefen dit uit. Ons moet ook ONS regte ken en gebruik maak daarvan. Agter die polisieman staan die staat met die Parlement as wetgewende liggaam, die Geregshowe en die polisiemag met al hulle uitvoerende magte.

Agter die bidder egter staan die goddelike Drieëenheid, met die Almag van die Vader, die Gesag van die Seun oor alles in die hemel en op die aarde en die Krag van die Heilige Gees.

"Kyk Ek gee aan julle die mag om op slange en skerpioene te trap, en

oor al die krag van die vyand; en niks sal julle ooit skade doen nie." Luk. 10: 19.

So 'n bidder kan nie verloor nie; hy het klaar gewen, omdat Jesus gewen het. Jesus kan nie weer gekruisig word nie. Hy kan nie weer in die graf gelê word nie. Sy oorwinning is finaal. En Sy oorwinning is my oorwinning. Sien, ek leef nie meer nie, maar Christus leef nou in my. Ons het dus al die gesag wat ONS nodig het. Maar dit is nie genoeg nie. Al sou 'n geregsdienaar ook met gesag kan optree dan beteken dit nie veel as hy 'n sieklike en 'n kragteloze persoon is nie. Nee, hy moet ook spiere hê. Hy moet sterk wees, want die skelm gaan hom teësit.

Hierin het die alwyse God ook ruimskoots voorsien. "Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom." Hand. 1:8. Die Geesge vulde bidder is 'n vurige bidder, en: "Die vurige gebed van 'n regverdige het groot krag." Jak. 5: 16.

Kragteloze gebede gaan nie hoër as die plafon nie. Dit is 'n vermorsing van tyd en energie. Paulus leer vir ons dat ONS stryd (ook in gebed) teen Satan en sy trawante is, en daar is net een taal wat hy respekteer, en dit is gesag en KRAG. "Want die wapens van ons stryd (ook in gebed) is nie vleeslik nie, maar kragtig deur God om vestings neer te werp, terwyl ons planne verbreek, en elke skans wat opgewerp word teen die kennis van God, en elke gedagte gevange neem tot gehoorsaamheid aan Christus". 2 Kor. 10:4.

## KRY ONS ALTYD WAT ONS VRA?

Nee, beslis nie. Die Here sê soms nee, of wag eers. Ons moet nooit die wil van God in ons gebede verontagsaam nie. Hy weet wat vir ons die beste is. Ons kan soms so kortsigtig wees, en ons motiewe is ook nie altyd van die suiwerste nie. Ons moet egter versigtig wees om nie al die verantwoordelikheid op die Here te plaas nie. Ons is medewerkers met God, en ons het bepaalde verpligtinge, ook in gebed.

Maar nou sal iemand sê: God is soewerein. Hy kan maak soos Hy



wil. As Hy my wil genees, dan sal Hy. Dit is egter 'n halwe waarheid, en dus 'n leuen. God is gewillig en magtig as ons gewillig is om die reëls na te kom. Die welbekende lied stel dit so mooi: "O hoe dikwels mis ons vrede as daar pyn en kommer kwel, oor Ons nie gelowig alles in gebed aan God vertel."

## KOSBARE BELOFTES.

Daar is letterlik duisende beloftes van God in die Bybel. "Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle JA en in Hom AMEN." 2 Kor. 1:20.

Op elkeen van hierdie beloftes het ek 'n wettige aanspraak, want as kind van God is ek ook erfgenaam. Die testament is nou van krag omdat die Testateur gesterwe het. Dit hang dus nou van my af of ek my wettige reg gaan uitoefen om my wettige erfenis te ontvang.

Wat God moes doen is klaar gedoen. Van nou af moet ek die res DOEN. Dus bid en glo.

"Alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Matt. 18:18. Wat 'n onbeskryflike voorreg, maar ook 'n gewigtige verantwoordelikheid. Die bidder het die mag en die gesag om Satan te bind op die aarde, en om mense los te maak wat deur Satan gebind is. Die hemel sal ons optrede respekteer in dié verband.

"As twee van julle saamstem op die aarde oor ENIGE SAAK wat hulle mag vra, dit sal hulle ten deel val van my Vader wat in die hemele is." Matt. 18:19: Al hierdie goddelike beloftes beteken vir ons absoluut niks as ons nie ons plek as Geesge vulde kinders van God in die hemelse ekonomie inneem nie. Die bidder is dus tegelykertyd soldaat, priester, pleitbesorger en gesagvoerder. Hy pleit, hy bestraf, hy bind, hy ontbind en hy beveel.

"Elia was 'n mens net soos ons, en hy het ernstig gebid dat dit nie moes reën nie... en hy het weer gebid, en die hemel het reën gegee." Jak. 5: 17. George Muller het gebid, en God het wonderbaarlik

voorsien vir die daaglikse behoeftes in sy weeshuise.  
Duisende Christene bid en daaglik gebeur daar wonderwerke  
dwarsdeur die wereld.

## GEBED IS INTIEME GEMEENSKAP MET GOD.

O, die wonder van gebed! 'n Mens praat met God. Hoe Ondeur-  
grondelik, hoe onbeskryflik mooi. Hoe eensaam is die wese wat nie  
gereeld in gesprek met sy Skepper verkeer nie. Gebed aksensueer  
my eenheid met die Here, been van Sy been en vlees van Sy vlees.

Vir hom het die lewe betekenis, hy is deel van die ewige geheel. In  
gebed kry hy perspektief. Skielik verstaan hy. Hy het die sin (mind)  
van Christus. Die hele lewe strek van hierdie beginpunt voor hom  
uit, hy is gelukkig, want hy WEET, en om te weet is om te glo. Om te  
WEET met die hart is om getuienis in jou binneste om te dra. Dit is  
geloof, en geloof is om te WEET. Hoe jammer dat die gejaagdheid  
van die modeme lewe ons beroof van menige stille uurtjie in gemeen-  
skap met God.

## PASOP VIR VALSE NEDERIGHEID.

Ons hoor so dikwels die stelling, veral oor die radio: Ons is maar  
almal sondaars. Dit sou nou nederig van my wees om onder die  
sondaars getel te word. Ja, daar word selfs beweer dat 'n mens jou  
dinge aanmatig as jy nie hierby inval nie.

Nee, ek WAS 'n sondaar, maar ek is nou gered, gereinig, geregverdig  
en geheilig. Met vrymoedigheid kan ek nou getuig: Ek is 'n heilige.  
So noem die Bybel my. Dit is wat ek is deur die soenverdienste van  
Jesus Christus my Here. Soos die lied sê: "Verhoed my God dat ek  
mag roem, behalwe in my Heiland se dood."

"Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee  
om kinders van God te word." Joh.1:12. Hy het die mag gegee om te  
sê dat ek KIND is, en as kind is ek ERFGENAAM, en as erfgenaam  
het ek 'n wettige eis op die boedel.

Dit is goed dat 'n mens erken dat hy 'n sondaar is, maar dit is 'n skande om jou lewe lank in die skaduwee van die kruis te wandel met die kosbare Evangelie wat vroeg en laat aan jou verkondig word, en dan nog 'n sondaar te bly.

Dit is egter nie slegs valse nederigheid nie. Nee, daarin lê ook opgesluit 'n verskoning om aan te hou met die sonde, want ons is maar almal sondaars; ons is nog nie engeltjies nie, so word beweer. Geen bidder met so 'n valse benadering het enige invloed by God nie. Sy gebede is tevergeefs.

As ons reg bid dan bid ons effektief. Dit bring nie net resultate nie, maar ook volmaakte blydschap. "As julle in My bly en my woorde in julle, sal julle vra net WAT JULLE WIL HÊ! ... Dit het Ek vir julle gesê dat my blydschap in julle kan bly en JULLE BLYDSKAP VOLKOME KAN WORD." Joh.15:7,11.

### BID ALTYDDEUR.

"Bid sonder ophou." 1 Thess. 5:17.

"En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel met die oog daarop dat 'n mens gedurig moet bid en nie moedeloos word nie." Luk. 18:1. Hier word ons gemaan om altyd deur te bid. Ons noem dit 'n gees van gebed. Dit beteken egter nie dat ons moet aanhou vra nie. Ons hoor dikwels mense se: Julle moet baie vir my bid. Die BAIE bid beteken dan dat ons moet aanhou vra, vra, vra totdat God antwoord. Nee, dit is ook 'n ydele herhaling van woorde.

"Laat julle begeertes in alles deur gebed BEKEND WORD by God." Filip. 4:6.

Moenie soos 'n stout kind neul by die Here nie. God is nie doof nie, en ook nie onwillig om te antwoord nie. Daar is egter sekere reëls wat nagekom moet word. God is 'n God van wette. Daar is natuurwette en daar is geesteswette.

Wat bedoel ons dan as ons aangesê word om te bid SONDER

OPHOU? Kom ons illustreer met 'n voorbeeld: Die geneesheer verklaar dat u kanker het. Gaan na iemand wat die geloof en die krag het en vra hom om vir u te bid. Laat uself met olie salf as u dit verkies.

Nou is u saak BEKEND by God. Moet nou nie van bidder tot bidder gaan om oor en oor dieselfde saak aan die Here te stel nie. Nee, die saak is nou by die Prokureur. (Jesus)

As u nou weer bid dan herinner u God aan Sy beloftes: Vader, U Woord se: "Roep My aan in die dag van benoudheid. Ek sal jou uithelp, en jy moet My eer." Verder het U ook belowe: "ALLES wat julle die Vader in My Naam vra sal Hy julle gee." Joh. 14:13 en Joh. 15:7

Vader, laat U Naam verheerlik word. Openbaar Uself as die Almagtige en laat die Naam van die Here grootgemaak word. Leer om God te aanbid. Jesus leer vir ons in Sy model gebed dat ons in die eerste plek die Here moet aanbid. "Laat U Naam geheilig word."

Heel laaste maak ek my behoefte bekend: "Gee ons vandag ons daaglikse brood en vergeef ons onse skulde."

Luk. 18:1-8 bevat Jesus se eie illustrasie van bogenoemde waarheid. Die weduwee het nie aangehou met smeek en soebat nie. Nee, sy het geëis. Sy het inderdaad so ernstig geword dat die regter bang was dat sy hom 'n klap in die gesig sou gee.

U kan inderdaad u genesing eis, want u het 'n wettige aanspraak op die testament met AL sy beloftes. Sal God dan nie reg doen aan Sy uitverkorenes wat DAG EN NAG TOT HOM ROEP NIE? Nie dag en nag vra nie, maar dag en nag EIS op grond van die Woord van God.

Dit is die soort geloof wat in ons dae so skaars is. Luk. 18:8. "Maar as die Seun van die mens kom, sal Hy wel die geloof op die aarde vind? Watter geloof? Natuurlik soos die van die weduwee.

## PRYS EN AANBIDDING.

Daar is 'n verskil tussen prys en aanbidding. Ons is lief om die Here te prys. Maar ons moet ook leer om te AANBID. (Engels: ADORATION) Dit is wanneer u vir die Here vertel hoe lief u Hom het, hoe u Hom waardeer. Ons ken sulke lieflike aanbiddingskoortjies, soos byvoorbeeld: "Heavenly Father, we appreciate Thee"; Ere sy die Vader, ere sy die Seun; Jesus is die soetste Naam vir my, en so meer. Ons moet dit egter nie net SING nie, ons moet dit ook vir die Here SÊ.

Soms is jou aanbidding ook woordeloos. Dit is asof jou hele wese opgaan en 'n eenheid vorm met die ewige bewussyn van die godheid. Jy staan in 'n geestesvervoering voor Sy majesteit en luisterryke heerlikheid.

## WAG OP DIE HERE.

Tesame met aanbidding gaan die gedagte van: Wag op die Here. Dit is inderdaad 'n kuns wat feitlik verlore gegaan het.

"Wees maar net stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting." Ps. 62:6. En verder in Engels: "Be still and know that I am God." Ps. 46:11. Ons moet die Here VERWAG en LUISTER. Gebed is 'n afspraak met die Allerhoogste, en die Here was nog nooit laat nie en Hy het ook nog nooit vergeet om 'n afspraak na te kom nie.

Dit is nie nodig dat ons gebede altyd emosioneel moet wees nie. Ons is nie skaam vir ons emosies nie, maar ons moet die regte balans behou. Daar is 'n tyd om met sterke geroep en trane te bid. Daar is 'n tyd om te juig, maar daar is gewis ook 'n tyd om STIL te wees voor die Here.

Gebed is nie 'n alleenspraak nie, maar 'n samespraak. Dit is slegs goeie maniere om die ander Persoon ook 'n kans te gee om met jou te praat. "He walks with me and He TALKS with me and He tells me

I am His own. And the joy we share as we tarry there, none other has ever known."

## GEBED EN HEILIGMAKING.

"Geliefdes, AS ONS HART ONS NIE VEROORDEEL NIE, dan het ons vrymoedigheid teenoor God; en wat ons OOKAL bid, ontvang ons van Hom, omdat ons SY GEBOOIE BEWAAR EN DOEN WAT WELGEVALLIG IS VOOR HOM." 1 Joh. 3:21 en 22. Een van die vernaamste redes vir onbeantwoorde gebede is ons gebrek aan toewyding en heiligmaking.

"Kyk, die hand van die Here is nie te kort om te help nie, en sy oor is nie te swaar om te hoor nie; maar julle ongeregtheid het 'n skeidsmuur geword tussen julle en julle God, en julle sondes het Sy aangesig vir julle verberg, SODAT HY NIE HOOR NIE." Jes. 59:1 en 2.

Restitusie is noodsaaklik as ons verwag dat die Here ons gebede moet beantwoord. "Bely mekaar julle misdade en bid vir mekaar, sodat julle gesond kan word." Jak. 5:16. Baiekeer kan ons nie oorwinning oor siekte kry nie omdat daar verbittering in ons harte ontstaan het weens een of ander onreg wat ons gely het. Gaan en maak die saak uit met daardie persoon, selfs al meen jy dat jy onskuldig is. Die Skrif se dat as jy dink dat jou broer iets teen jou het, dan moet jy na hom toe gaan en vergifnis aanbied. As onskuldige het jy meer genade. Jy moet jou broer losmaak. As jy van jou broer of suster kwaadgespreek het, gaan maak dit reg. Verwyder elke struikelblok. Die Heilige Gees is getrou; Hy sal alles aan jou openbaar. Daar is sekere sondes wat net teenoor God bely moet word.

Wanneer jou optrede egter die hele gemeente skade aangedoen het, sal jy moet 'n openbare belydenis voor die hele gemeente doen. Dan eers sal jy vry wees.

Kom ons leer 'n les met betrekking tot elektrisiteit. Daar is sekere wette wat hierdie krag beheer en ek moet eenvoudig daarby inval, al

is ek die koning. Ek kan nie maar die drade lê soos ek wil nie, en dan ver wag dat dit sal werk nie.

Hoeveel te meer moet ons nie aan die goddelike wette gehoorsaam wees nie? Gehoorsaamheid is beter as offerande, sê die Bybel. Ons beweeg dikwels uit die wil van God deur eiesinnige ongehoorsaamheid. Dan ly ons skade, en ons kan nie verstaan waarom die hemel skielik soos koper geword het nie.

"As julle in My bly, en My Woorde in julle, sal julle vra NET WAT JULLE WIL hê en julle sal dit verkry." Joh.15:7.

### GEBED EN TUGTIGING.

Tugtiging is slae kry. "Die Here tugtig hom wat Hy liefhet." Heb. 12:6. Daardie tugtiging neem soms die vorm van siekte aan. Dan sal gebed nie help nie. Wanneer 'n kind pak kry help dit nie om te soebat nie. Hy sal slae kry totdat hy "ook die laaste oortjie betaal het nie." Luk.12:59. Daar is selfs 'n tugtiging tot die dood toe.

"As iemand sy broeder 'n sonde sien doen wat nie tot die dood is nie, moet hy bid, en hy sal hom die lewe gee. Daar is 'n sonde tot die dood, daarvoor sê ek nie dat hy moet bid nie. Die persoon sal sterwe, maar sy siel sal behoue bly, alhoewel hy op 'n ander manier sal skade ly voor die regterstoel van Christus.

Nagmaaltyd is boeke oopmaak tyd. Daar moet ek myself beproef, moet ek 'n geestelike wins en verlies rekening opmaak, en my sake met die Here regstel voordat ek aan tafel gaan. Omdat baie Christene onverskillig geword het jeens die tafel van die Here sê die Skrif: "Daarom is daar onder julle baie swakkes en sieklikes, en 'n aantal het ontslaap." Hulle is dood voor hulle tyd, getugtig tot die dood toe.

Weet dus dat gebedsverhoring direk gekoppel is aan vrug dra, d.w.s. HEILIGMAKING.

## GEBED EN BEPROEWING.

"Daarin verheug julle jul, al word julle nou as dit nodig is 'n kort tydjie bedroef onder allerhande beproewinge, SODAT DIE BEPROEFDHEID VAN JULLE GELOOF, wat baie kosbaarder is as goud..." 1Pet. 1:6-7.

Soms vind die Here dit NODIG om ons op die proef te stel. "Na hierdie dinge het God Abraham OP DIE PROEF GESTEL." Gen. 22:1. Hier is geen sprake van sonde nie. Dit is slegs 'n geloofstoets.

"Is daar iemand onder julle wat ly? Laat hom bid." Jak. 5: 13. Ons het nie hier te doen met siekte nie, want net in die volgende vers gee Jakobus raad aan die siekes. Hierdie persoon ly omdat hy beproef word. Hy skryf 'n toets. Nou moet hy homself aan gebed wy. Dit is waar sy krag vandaan kom. Hy is nie opgeruimd nie, want dan moet hy sing. Nee, hy ly. As hy in die toets slaag sal hy loon ontvang, en dit is baie meer werd as goud. "Kyk, Ek kom gou, en My LOON is by My." Openb.22:12.

Let op, die Skrif sê nie die BEPROEWING van ons geloof is kosbaar nie, maar die BEPROEFDHEID. Dit is nie lekker om eksamen te skryf nie, maar dit is lekker om te SLAAG.

Toe Paulus so beproef was deurdat die Satan hom met vuiste geslaan het, het hy ook gebid. Die Here het hom egter nie verlos nie, maar vir hom gesê: "My GENADE IS VIR JOU GENOEG." 2 Kor. 12:9.

## GEBED EN DIE HUISGESIN.

"Net so moet julle, manne, VERSTANDIG met hulle (vroue) saamlewe, en aan die vroulike geslag, as die swakkere, eer bewys SODAT JULLE GEBEDE NIE VERHINDER MAG WORD NIE." 1 Pet. 3:7.

Hier sien ons dat die verhouding in die huisgesin baie belangrik is as ons iets met ons gebede wil bereik. Dit is 'n bepaling wat God neergelê het. Die man moet VERSTANDIG met sy vrou saamlewe. Hy moet



haar liefhê en haar beskerm omdat sy die swakkere vat is. Hy moet nie 'n kerkengel maar 'n huisduiwel wees nie. Meneer, jy is priester van jou huis, en jou offerandes (gebede) moet aanneemlik voor God wees.

"En die einde van alle dinge is naby; wees dan ingetoë en nugter, OM TE KAN BID." 1 Pet. 4:7.

Ons verhouding met God, ons medemens en met ons huisgesin is van die uiterste belang vir die bidder wat dit erns is met sy gebedslewte. Dan veroordeel my hart my nie en het ek vrymoedigheid in die gebed. Die pyplyn is oop na beide kante toe, boontoe na God en ondertoe na die mens.

"En dit is die VRYMOEDIGHEID wat ons teenoor Hom het, dat Hy ons verhoor as ons iets vra volgens Sy wil." 1 Joh. 5: 14.

## GEBED EN DIE WIL VAN GOD.

"Laat U wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde. Matt. 6:10 God het 'n plan vir elke mens in Sy volmaakte wil. Ons sal ook sorg dat ons in daardie wil wandel. Ek behoort nie meer aan myself nie; ek is duur gekoop. Elke Christen het 'n goddelike roeping wat hy met nougesetheid behoort te vervul, sodat hy die Here in alles kan behaag.

Daarom moet ons versigtig wees wat ons bid. Ons motiewe moet suiwer wees. Daarom is dit noodsaaklik dat ons ook in ons gebede deur die Heilige Gees gelei word. "Want almal wat deur die Gees van God gelei word (ook in die gebed) die is kinders van God." Rom. 8: 14.

## DIE VOLMAAKTE GEBED.

Omdat gebed so uiters belangrik is in die oë van die Here het Hy vir ons voorsien om die volmaakte gebed te bid. Wat is dan die volmaakte gebed? "Want as ek in 'n taal bid, DAN BID MY GEES, maar my verstand is onvrugbaar." 1 Kor. 14:14.

Hoe bid my gees? (my wedergebore gees) in vreemde tale. Daar is 'n verskil tussen om MET die gees (my eie gees) en in die Gees (Heilige Gees) te bid. Ek kan in Afrikaans bid en nogtans IN DIE GEES bid, maar as ek MET die gees bid, dan bid ek in tale, en ek spreek verborgenhede met God. Dan gee die Heilige Gees vir my die regte woorde, want Hy ondersoek die dieptes van God, (ook die wil van God) en dan bid ek die woorde wat die Heilige Gees aan my gee. Sien Hand. 2:4.

"En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die Gees Self tree vir ons in met onuitspreeklike sugtinge." Rom. 8:26.

Dit was dan ook die geheim van Paulus se gebedslewe. "Ek dank my God dat ek MEER in tale 'spreek as julle almal." 1 Kor. 14:18. Waar praat Paulus so baie in tale? Sekerlik nie in sy prediking nie. Vers 19. Kom ons neem 'n voorbeeld: U bid vir 'n sieke wat op sterwe lê. U weet nie wat die wil van God aangaande hom is nie. Wil die Here sy lewe spaar of gaan die Here hom huistoe neem? Nou weet ons nie hoe om te bid nie. Onmiddellik slaan ek oor in tale en ek bid die volmaakte gebed, in die volmaakte wil van God. U kan hierdie beginsel op enige situasie toepas.

"Is Hy nie wonderbaar, wonderbaar, wonderbaar,  
Het gesien, het gehoor wat geskryf staan in Sy Woord,  
Is Hy nie wonderbaar, wonderbaar?"

Wanneer iemand egter in die openbaar bid, waar andere na sy gebede luister dan moet hy in 'n taal bid wat hulle kan verstaan, sodat hulle kan amen sê op daardie gebed.

Ons het dus beheer oor die spreek in tale. "En die geeste van die profete is aan die profete onderworpe. 1 Kor. 14:32. "Probeer om uit te munt tot stigting van die gemeente." 1 Kor. 14:12.

Die Geesge vulde kind van God behoort enige oomblik na willekeur in tale te kan spreek. En dit is maklik. Jy hoef nie te konsentreer om

in tale te kan bid nie; jy hoef nie jou woorde reg te kies nie, want JOU VERSTAND IS ONVRUGBAAR. Dit is waar al die twyfel ontstaan, in die verstand. Dit is waar die vyand die saad van twyfel saai. Maar nou is my verstand uitgesluit en het EK 'n direkte lyn tussen my wedergebore gees en die hart van God. Dus 'n geheime kode wat selfs die duiwel nie verstaan nie.

## JESUS ONS HOËPRIESTER TREE OOK VIR ONS IN.

Jesus as Hoëpriester vervul in hierdie oomblik Sy bediening deur vir ons in te tree by die Vader. Sien Rom. 8:34.

Jesus se bediening tot by die kruis was die van PROFEET. Van die kruis af tot by Sy wederkoms is Hy PRIESTER. Daama word Hy KONING. Hy is Priester volgens die orde van Melgisedek. Hy tree vir ons in by die Vader.

Wanneer u te swak voel om te bid, miskien verkeer u in 'n hewige stryd, of is u baie siek. Neem die vrymoedigheid en sê net: JESUS, BID VIR MY.

## DEUR BID.

Daar is 'n koortjie wat sê: 'Bid maar deur, jy sal die antwoord kry. ' "Want ons stryd (ook in die gebed) is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bese geeste in die lug." Ef. 6:12. **Wie is die WÊRELDHEERSERS VAN WIE DIE SKRIF HIER PRAAT?**

Ons vind die antwoord in Dan. 10:12 en 13. Daniel vas en bid vir 21 dae lank. Daama kom Jesus by hom. (Vergelyk Dan. 10:5-6 met Openb. 1:13-15.)

Toe sê Hy vir my: "Wees Die bevrees nie, Daniel, want van die eerste dag af dat jy jou hart daarop gerig het om ag te gee, en jou voor die aangesig van jou God te verootmoedig, is JOU WOORDE (gebed) GEBOOR..... Maar die VORS VAN DIE KONINKRYK VAN

DIE PERSE het een-en-twintig dae lank teenoor My gestaan." Dan. 10:12-13. En verder in vers 20: "Ek moet dan nou teruggaan om TE VEG MET DIE PERSE."

God bet Daniel se gebed al die eerste dag gehoor, en het ook dadelik die antwoord gestuur, maar Hy (Jesus) was vir 21 dae lank opgehou en moes Hy VEG om deur te kom. Selfs die Aartsengel Michael het Hom gehelp. Dit is waarom ons moet volhard in gebed, nie om die Here te beweeg nie, maar om deur te breek na die hemel.

Die Skrif sê: "Nader tot My, en Ek sal tot julle nader." Ons veg van duskant af en God veg van die anderkant af, en iewers ontmoet ons mekaar. Ons het DEURGEBID.

### VAS EN GEBED.

Vas is nie bedoel om God se arm te laat draai nie. Nee, dit is soms nodig om onself geestelik te kondisioneer vir die stryd. Wanneer ons die vlees kruisig dan versterk ons die gees. Paulus het die geheim van vas geken. "In fastings often." 2 Kor. 11:27. Die Fariseërs en hulle dissipels het ook gevas, maar dit was om van die mense gesien te word wanneer hulle met lang gesigte rondloop. So moet ons nie vas nie. God kyk na die hart, Hy weeg ons motiewe.

Vas kan egter nie die plek van GELOOF inneem nie. Dit moet altyd dien as 'n kruisiging van die vlees ten einde meer krag te ontvang.

Jesus leer ons ook dat sekere duiwels nie uitgaan behalwe deur vas en gebed nie.

### GEBEDSHELDE WAT BERGE VERSIT HET.

In Heb. 11 het ons 'n hele galery van gebedshelde: "Wat deur geloof koninkryke oorweldig het, geregtigheid uitgeoefen, beloftes verkry, bekke van leeus toegestop, die krag van vuur uitgeblas, die skerpte van die swaard ontvlug, krag uit swakheid ontvang, dapper gewees het in die oorlog, leërs van vreemdes op die vlug gedryf het." Heb. 11:33-34.


In die Nuwe Testament het ons manne soos Paulus, Petrus en Johannes, om nie eers te praat van die martelare nie. Die ewigheid sal eendag alles openbaar wat deur geloof en gebed op aarde vermag was.

En in die teenwoordige tyd is daar duisende manne en vroue dwarsoor die wêreld wat daagliks die Troon van God met gebed bestorm.

Wil u een van hulle wees?

In hierdie tyd het ons meer behoefte aan gebed as aan prediking. Slegs 'n magtige herlewing kan ons land genees en die Kerk voorberei vir die koms van Jesus.

AMEN, JA KOM, HERE JESUS!  
Opb 22:20



Gedruk deur P.P. K. Druipers  
Posbus 180,  
Isando  
1600



